


Voorkoming van VERBASTERING

van KAAPSE BERGSEBRAS

Daar is drie tipes sebras in die Wes-Kaap,
maar slegs een, die **Kaapse bergsebra** (KBS),
Equus zebra zebra), kom natuurlik hier voor.



Die **kwagga**, *Equus quagga quagga*, 'n subspesie van die bontkwagga, het voorheen in die provinsie voorgekom, maar het uitgesterf.

Hartmann se sebra (*Equus zebra hartmannae*) en die **bontkwagga** (*Equus quagga burchelli*) is in die provinsie ingebring. Sommige diere het daarna vanaf hul vrylatingspunte ontsnap en kom nou vrylik in die landskap voor.

Beide die bontkwagga en Hartmann se sebra kan met KBS paar. Vulletjies wat uit die KBS-Hartmann-kruising voortspruit sal waarskynlik vrugbaar wees, wat tot die kontaminasie van beide die KBS en Hartmann se genepel kan lei. Alhoewel KBS-bontkwagga-vulletjies waarskynlik onvrugbaar sal wees, sal sulke kruisings 'n nadelige impak op voorplantingsgeleenthede vir beide spesies hê. Sebras kan ook met donkies en perde kruisteel.



Roetekamera foto van 'n kruising tussen 'n wilde perd en 'n Hartmann se sebra (Namibië)




Perd-KBS-baster, Bredasdorp gebied




Kaapse bergsebra


KAN JY DIE VERSKIL SIE?



Kaapse bergsebra



Hartmann se sebra



Bontkwagga

WAT JY KAN DOEN OM TE HELP



Indien jy sebras op jou eiendom aanhou of wil inbring, **maak asseblief seker dat jy 'n geldige permit van CapeNature het**. Vind by CapeNature uit of jy jou eiendom by die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landlike Ontwikkeling moet registreer as 'n sebrabestemming kragtens die regulasies vir Afrika Perdesiektes.



Hou jou heinings in stand sodat jou sebras nie met ander tipes sebras, donkies of perde in kontak kan kom nie.



Raak vertroud met die verskille tussen die verskillende sebrasoorte deur hierdie pamflet as riglyn te gebruik (sien keersy). Wees bewus daarvan dat alhoewel sommige basters ooglopend verskil van die KBS, nie alle basters op grond van fisiese eienskappe onderskei kan word nie – soms is 'n genetiese toets nodig. Ons weet nog nie hoe 'n KBS-Hartmann-baster lyk nie.



Indien jy 'n sebra op jou eiendom kry waarvan die oorsprong onbekend is, of indien jy vermoed dat dit 'n bastersebra is, **lig asseblief CapeNature** in en verskaf foto's, indien moontlik.



CapeNature

KONTAKBESONDERHEDE:

Oudtshoorn: Theresa van der Westhuizen, 087-0873023 / tvdwesthuizen@capenature.co.za

Vryheid: Corné Claassen, 087-0873897 / cclaassen@capenature.co.za

Porterville: Donny Malherbe, 087-0873010 / gmalherbe@capenature.co.za

Kogelberg: Steve Gildenhuys, 087-0874118 / sgildenhuys@capenature.co.za

KBS	Hartmann se sebra	Bontkwagga	KBS-bontkwagga-kruising				
GROOTTE							
Klein (ongeveer 2/3 van die gewig van die ander tipes sebras)	Groot	Groot	Groot (maar kan varieer)				
KOP EN NEK							
MAANHARE TUSSEN DIE ORE							
							
Kort en strek nie oor die voorkop nie	Lank en strek oor die voorkop	Lank en wollerig, en strek oor die voorkop	Middelgroot, langer as KBS (maar kan veranderlik wees)				
BINNE-OOR SWART BUITELYN							
Ja	Nee	Nee	Nee (maar kan varieer)				
MUILKLEUR (NEUS)							
Rooibruin	Rooibruin	Swartbruin	Rooibruin (maar kan varieer)				
KEELVEL							
Ja, veral by hingste	Prominent	Nee	Soms				
STREPE							
ONDER DIE PENS							
							
Nee	Nee	Ja	Ja (maar kan varieer)				
SKADUSTREPE							
Nee		Sommige diere			Ja (maar kan varieer)		
KRUISSTREPE							
Swart strepe breër as wit	Wit strepe breër as swart	Wit strepe breër as swart	Relatiewe breedte van strepe kan varieer				
KRUISCHEVRON							
Ja		Ja		Nee		Nee (maar kan varieer)	
BENE							
Prominente strepe reg rondom die been af tot teen die hoof		Prominente strepe reg rondom die been af tot teen die hoof		Strepe nie prominent nie; meestal op die buitekant van die been; vervaag in die rigting van die hoof		Strepe nie prominent nie; meestal op die buitekant van die been; vervaag in die rigting van die hoof (maar kan varieer)	